



GRONDWET VAN DIE YZERFONTEIN BOOTHELGELKLUB

Bladsye: 6 (voorblad ingesluit)

Hersien: 31 Mei 2008

GRONDWET VAN DIE YZERFONTEIN BOOTHENGEL KLUB

(HERSIEN : 31 MEI 2008)

1. NAAM

Die naam van die Klub is **YZERFONTEIN BOOTHENGEL KLUB** hierna genoem die "Klub".

2. HOOFKANTOOR

Die Hoofkantoor van die Klub sal op Yzerfontein geleë wees.
Die prosedures van die Klub sal van tyd tot tyd bepaal word.

3. DOELSTELLINGS EN MAGTE

- 3.1. Die bevordering van amateur-sport-visvang deur boothengelaars, deur die aanbieding van gesonde, kompeterende boothengelkompetisies.
- 3.2. Om alle reëls en regulasies soos van toepassing gemaak deur die Plaaslike Raad te ondersteun en te help toesien dat dit nougeset uitgevoer word.
- 3.3. Om as mondstuk van die bootklublede op te tree en namens hul te skakel t.o.v. enige verhoë aan die Plaaslike Raad insake verbeterings of wysigings van die bestaande regulasies wat van tyd tot tyd nodig mag wees.
- 3.4. Die beywering vir voortdurende verbeterings van fasiliteite by hawegebied ten einde die veiligheid van bemanning en toerusting, asook besoekers aan die hawegebied te verseker.
- 3.5. Die bevordering van veiligheid op die see deur noue skakeling en samewerking met die plaaslike NSRI.
- 3.6. Die versamel van betroubare inligting oor vis aangeleenthede vir besoekende en plaaslike boothengelaars.
- 3.7. Om ter ondersteuning van enige persoon of organisasie, wat betrokke is by die beskerming of bewaring van die seelewe, op te tree.
- 3.8. Om met enige vereniging, Klubs, liggaam of genootskap met doelstellings wat in geheel of ten dele ooreenstem met die doelstellinge van die Klub, te affilieer.
- 3.9. Om regulasies en verordeninge met betrekking tot die bedrywighede van die Klub, en die gebruik deur lede van die geriewe van die Klub, deur die Komitee uit te vaardig.
- 3.10. Die gereelde uitreik van nuusbriewe aan alle belangstellendes.
- 3.11. Die aankoop of verkry van bates d.m.v. eie kapitaal, donasies of borge wat tot voordeel van die lede en alle boothengelaars sal wees.
- 3.12. Streef na goeie samewerking met Ontspanningsklub.
- 3.13. Om die Klub op 'n nie-winsgewende wyse te bestuur.

4. LIDMAATSKAP

Yzerfontein Boothengel Klub sal te alle tye daarna streef om nie-rassig en nie-seksisties op te tree. Dit geld t.o.v. algemene gedrag en lidmaatskapaansoeke.

- 4.1 Lede van die Klub sal bestaan uit amateur sporthengelaars en duikers wat vanaf 'n boot opereer. Kommersiële boothengelaars wat aan die Klub aktiwiteite wil deelneem kan ook

aansluit met die voorwaarde dat hul aan die kompetisiereëls soos van toepassing op amateur hengelaars, onderhewig is.

4.2 Daar word van lede verwag om die Klub op hoogte te hou van enige veranderinge van adres, epos en telefoonnommers.

4.3 Lede se vroue en kinders sal die voorregte van eggenoot se lidmaatskap geniet, maar sal geen stemreg hê nie.

4.4 Lede mag nie hul lidmaatskap regte/voordele aan 'n ander persoon oordra of verkoop nie

4.5 **LEDE :**

4.4.1. **STIGTERSLEDE:** Lede wie by die Klub aangesluit het voor die eerste Algemene Jaarvergadering.

4.4.2. **ERE-LEDE:** Lede wie eenparig deur die komitee goedgekeur word vir lewering van jare se uitstaande diens vir die Klub. Hierdie lede word vrygestel van enige ledegelde.

4.4.3. **LEWENSLEDE:** Persone wie 'n enkel bedrag ledegeld gelykstaande aan twintig keer die jaarlikse ledegelde betaal. Geen toekomstige ledegelde is dan betaalbaar nie.

4.4.4. **JUNIOR LEDE:** Enige persoon wie boothengel beoefen onder die ouderdom van 18 jaar. Hul ledegelde sal 50% van die normale wees. Geen intree- of affiliasiefooie is betaalbaar nie. Het geen stemreg nie.

4.4.5. **SOSIALE LEDE:** Enige persoon wie nie boothengel beoefen nie, maar belangstel om aan die sosiale aktiwiteite van die Klub deel te neem. Persoon sal geen stemreg hê nie.

4.4.6. **AKTIEWE LEDE:** Enige boothengelaar wat d.m.v. die lidmaatskapaansoekvorm deur 'n meerderheid besluit van die komitee aanvaar word en wat ten volle vir die huidige finansiële jaar betaal het.

4.6 **STEMREG :**

4.5.1. Slegs lede soos omskryf in 4.4.1, 4.4.2, 4.4.3 en 4.4.6 sal volle stemreg hê t.o.v. alle klubaangeleenthede. Hierdie lede sal ook geregtig wees om proksie stemme uit te bring.

4.5.2. Lede soos omskryf in 4.4.4, en 4.4.5 sal slegs stemreg hê t.o.v. sosiale en sodanige sake as wat tydens 'n algemene vergadering deur die voorsitter aangedui mag word.

4.7 **NIE AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE :**

Geen lid van die Klub sal persoonlik aanspreeklik gehou word vir enige aksies wat namens die Klub gedoen word nie. Alle aksies deur die komitee of lede in die bona fide uitvoering van hul pligte, sal geag word as deur die Klub as 'n geheel gedoen.

4.8 **EIENDOMSREGTE VAN LEDE :**

Geen lid het enige reg tot die aanspraak op enige bates wat aan die Klub behoort nie. Die Klub mag nie direk of indirek surplus fondse of bates aan enige persoon oordra nie.

5. **TOELATINGSFOOIE EN LEDEGELD**

5.1. Toelatingsfooie en ledegeld sal van tyd tot tyd deur die Komitee bepaal word.

5.2. Die jaarlikse ledegeld sal betaalbaar wees voor of op die 28 Februarie van elke jaar. Lede wie na die 1ste dag van November aansluit, sal vyftig persent van die jaarlikse ledegeld betaal. Indien 'n lid sy ledegeld nie binne 90 dae na die vervaldatum betaal nie, mag die

komitee die naam van sodanige lid van die lederegister skrap. Die Komitee mag lidmaatskap herstel na betaling van alle agterstallige ledegelde.

- 5.3. Wanneer 'n lid van die Klub wil bedank, moet dit skriftelik opgesê word.
- 5.4. Die Klub is by die Ontspanningsklub geaffilieer en dus sluit die bootklub ledegelde lidmaatskap van die Klub en Ontspanningsklub in.

6. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Enige lid, wie se gedrag na die mening van die Komitee die karakter en belange van die Klub skade aandoen, se lidmaatskap sal deur die Komitee beëindig word deur middel van 'n besluit deur ten minste 'n twee-derde meerderheid. Die lid wie se gedrag bevraagteken word, mag die komitee toespreek voordat enige besluit om sy lidmaatskap te beëindig, uitgevoer word.

'n Lid wie se lidmaatskap deur die Komitee beëindig word, sal kan appelleer op voorwaarde dat sy voorneme om te appelleer skriftelik binne 14 dae by die Sekretaris ingedien word. Na ontvangs van kennisname van 'n voorneme om te appelleer sal die komitee 'n spesiale algemene vergadering belê om die appèl te oorweeg. Die besluit deur 'n twee-derde meerderheid van so 'n Spesiale Algemene Vergadering sal finaal wees.

7. BOEKJAAR

Die boekjaar sal begin op die 1ste dag van Maart en eindig op die 28 Februarie van die daarop volgende jaar.

8. AMPSDRAERS

Die ampsdraers van die Klub sal bestaan uit 'n Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris/Tesourier en drie bykomende lede. Die twee belangrike funksies van die Kompetisie koördineerder en Veiligheidsoffisier sal deur die verkose komitee bepaal word. Indien enige persoon meer as een amp beklee mag die getal gewone Komiteeledede diensooreenkomstig vermeerder word.

9. UITVOERENDE KOMITEE

9.1 Die komitee sal uit die ampsdraers soos in 8 hierbo uiteengesit, bestaan. Die Komitee sal die reg tot koöptering hê.

9.2 Die algemene sake van die Klub sal deur die Komitee wat op die algemene jaarvergadering verkies is, bestuur word.

9.3 VERKIESING VAN KOMITEE :

9.3.1 Voorstelle vir die Komitee mag deur enige twee stemgeregtigde lede gemaak word en daar mag soveel nominasies wees as wat daar benoembare lede is wat inwillig om hulle verkiesbaar te stel.

9.3.2 Uittredende lede van die Komitee, wat bereid is om hulself herkiesbaar te stel, sal herkiesbaar wees sonder dat sodanige uittredende lede weer voorgestel hoef te word.

9.3.3 Indien onvoldoende voorstelle ingedien word om die vakature te vul, sal die Voorsitter van die vergadering om mondelikse voorstelle vra van enige lid wat geregtig is om op die vergadering te stem.

9.3.4 Die uittredende Voorsitter sal die verkiesingsprosedure bepaal.

9.3.5 Die voorsitter van die vergadering sal die resultaat van die verkiesing aankondig.

- 9.3.6 Die nuut gekose bestuur moet by die eerste vergadering 'n Voorsitter, Ondervoorsitter en ander ampsdraers aanwys.
- 9.3.7 Alle lede van die Komitee sal aan die einde van die boekjaar uittree, maar sal hulle ampte waarneem totdat die nuwe komitee verkies is.
- 9.3.8 Die Komitee sal die reg hê om enige vakature wat in die Komitee mag ontstaan, te vul, vanaf die datum waar sodanige vakature ontstaan het, totdat die vakature by die volgende algemene jaar vergadering gevul word.
- 9.3.9 Die voorsitter sal, indien hy teenwoordig is, die stoel beklee tydens Komiteevergaderings. In sy afwesigheid sal die Ondervoorsitter die stoel beklee.
- 9.3.10 Behalwe soos hieronder bepaal met betrekking tot die skorsing van enige lid, sal alle besluite van die Komitee deur die meerderheid van die lede teenwoordig geneem word, en in die geval van 'n staking van stemme sal die Voorsitter die beslissende stem hê.

10. KOMITEEVERGADERINGS

Die komitee sal nie minder as agt keer per jaar vergader nie. Drie lede van die Komitee waarvan een die Voorsitter of Ondervoorsitter van die Klub moet wees, sal 'n kworum vorm.

Indien enige lid van die Komitee sonder 'n redelike verskoning versuim om twee agtereenvolgende komiteevergaderings by te woon, sal sy pos as vakant beskou word en sal die Sekretaris hom hiervan in kennis stel.

11. ALGEMENE JAARVERGADERING

'n Algemene Jaarvergadering moet met 21 dae vooraf kennisgewing en nie later as drie maande na die einde van die finansiële jaar gehou word. Die plek en datum sal deur die komitee bepaal word en aan alle lede gepos of ge-e-pos word. Enige kennisgewing wat aan die gewone adres van 'n lid gepos of ge-e-pos is, sal geag wees as behoorlik gedien.

Enige stemgeregtigde moet enige besprekingspunt wat hy wens om op die agenda van die Algemene Jaarvergadering te plaas, minstens sewe dae voor die vergadering indien.

Twintig persent van stemgeregtigde lede sal 'n kworum vorm.

12. SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

Die komitee mag ter enige tyd 'n Spesiale Algemene Vergadering belê deur veertien dae kennis aan alle lede te gee met verstrekking van die sake wat bespreek sal word.

13. REGISTERS

- 13.1 Notules van alle vergaderings moet gehou word. Lede is geregtig tot insae in die notules en geouditeerde finansiële state sou hul daarvoor vra.
- 13.2 Die Sekretaris sal 'n behoorlike register hou van alle lede van die Klub en van die notules van alle vergaderings.
- 13.3 Die Tesourier sal verantwoordelik wees vir alle geld wat vir die rekening van die Klub ontvang is en sal hierdie geld tot die krediet van die Klub by die vooraf goedgekeurde bank deponeer. Alle tjeks wat op die rekening van die Klub getrek word sal deur twee van die drie gemagtigde komiteeledes onderteken word.
- 13.4 Die Tesourier sal by elke Algemene Jaarvergadering 'n geouditeerde finansiële staat aan die lede van die Klub voorlê. Hierdie geouditeerde state sal saam met veranderinge aan grondwet indien enige aan die belastinggaarder gestuur word. By die Algemene Jaarvergadering word 'n ouditeur en bank aangewys.

14. WYSIGING VAN GRONDWET

Die Grondwet mag gewysig of in sy geheel of gedeeltelik herroep word deur 'n besluit goedgekeur deur twee derdes van lede teenwoordig by 'n Algemene Jaarvergadering. Indien daar na 14 dae van die Algemene Jaarvergadering geen besware teen die veranderinge deur stemgeregtigde lede geopper word nie, sal die nuwe grondwet so aanvaar word. Die komitee self mag slegs die grondwet aanpas soos van tyd tot tyd deur die belastinggaarder vereis mag word.

15. ONDERWERPING AAN DIE GRONDWET EN REËLS

Die onus berus op 'n lid om kennis te neem van die bepalings van hierdie grondwet. Die getekende aansoek om lidmaatskap deur 'n voorgenome lid sal beskou word as 'n uitdruklike erkenning deur sodanige lid dat hy gebonde is aan die grondwet wat bestaan of hierna afgekondig mag word en dat hy die beslissings van die bestuur aanvaar in alle gevalle. Geen lid sal kwyteskeld word van die effek van hierdie bepaling op grond van die feit dat hy nie 'n afskrif van die grondwet van die Klub ontvang het nie.

Ingeval van onsekerheid van die grondwet ten opsigte van die betekenis of interpretasie van enige van die bepalings van hierdie grondwet, sal die bestuur die finale arbiter wees en sy beslissings sal bindend wees op alle lede.

16. ONTBINDING

Die Klub sal ontbind word indien 'n besluit vir ontbinding deur 'n meerderheid van twee-derdes aanvaar word op 'n Algemene Jaarvergadering of 'n Spesiale Vergadering wat vir hierdie doel saamgeroep is. Die verspreiding/opbrengs van bates sal deur die bestaande Komitee oorgedra word aan die Nasionale Seereddingsinstituut.

WOORDOMSKRYWINGS

"Die Klub" - Yzerfontein Boothengel Klub

"Die komitee" - Uitvoerende Komitee.